# DIE TONNEL

## No 3. Spioenasie Reeks



Gerrie Radlof

# HOOFSTUK 1

Soos dou op die gras, pêrel die koue druppels sweet op die voorkop van Dimitri Mantolo. Langs sy slaap loop 'n paar druppels saam en 'n klein straaltjie sweet vorm langs sy ronde wang af tot in sy kraag. Die reguit lippe beef soos dié van 'n kind wat wil huil. As hy praat is sy stem hees soos dié van 'n kraai op 'n droë dag.

„Maar waarom kies julle my? Ek het nog nooit geweld gepleeg nie—en—moord . . !"

Ian Briansk haal sy breë skouers op. Hy tree weg van die rand van die tafel waarteen hy geleun het, en sy forse sesvoetgestalte vul die klein vertrek.

„Hoekom wen één man 'n lotery en die duisende ander kaartjiehouers nie?" In teenstelling met sy effens growwe gelaatstrekke is sy stem beskaafd en nie bars soos 'n mens sou verwag nie. Dit is nou ook vriendelik, asof hy Dimitri wil gerusstel.

Die derde man in die vertrek sit in een hoek op 'n stoel. Marot Boneert gooi albei arms in die lug op. Hy is slank en donker van gelaatskleur. Sy skouers is amper so breed soos dié van Briansk, maar waar die groter man se skouers, sye, heupe en bene aan weerskante parallelle lyne vorm, loop Boneert se liggaam spits na onder, soos 'n driehoek. Hierdie indruk word vergroot

deur die broek met die nou pype om die enkels en sy klein voete.

„Wie anders dan, Dimitri?" vra hy. Sy hoë stem sny die lug na sy luisteraar en Mantolo skrik effens vir die skerpheid daarvan.

„Ek weet nie!" roep hy benoud uit. „Daar is tog baie van ons in die land."

„Ons weet dit, Dimitri," werp Briansk bedaard terug. „Maar wie se omstandighede is beter as joue? Jy is nog maar ses maande hier in Kaapstad. Jy gaan min uit en ken dus min mense. Jy het geen afhanklikes hier nie. Geen familiebetrekkinge . . ."

„Maar ek lewe juis alleen in hierdie klein kamertjie om geld te spaar." Daar is iets pleitends in sy houding. „Jy weet dat ek my moeder en my klein suster uit Europa wil laat kom. Ek is hul enigste hulp."

„Maar juis, Dimitri." En soos gewoonlik is dit asof Marot Boneert 'n beskuldiging in sy woorde plaas. „Jy verdien 'n duisend pond op een dag . . . deur een geringe daad."

„Gering!" Dimitri is geskok. „Is moord gering?"

„Dit is nie moord nie," val Briansk hom in die rede. „Jy kan dit nie so noem nie, Dimitri. Hy is 'n vyand en moet uit die weg geruim word. Glo jy dan nie meer aan ons saak nie? Jy was so geesdriftig toe jy hier aangekom het! Jy het ons opgesoek en jou hulp aangebied omdat jy jou moeder en jou suster na 'n land wou bring waar hulle onder aangename omstandighede



kan bestaan. Jy was ongeduldig en wou weet wat ons doen en hoe ons te werk gaan. Ons het jou met baie van die geheime vertrou, Dimitri, maar," hy haal sy swaar skouers weer op, „nou wil dit voorkom asof jy onwillig is om jou deel by te dra . . . selfs die heel eerste keer wat jy gevra word."

„Ja, maar ek het nie verwag dat dit moord sou wees nie. Ek het aangeneem dat ons werk sal bestaan uit die verkondiging van ons leer. Ek . . ."

„Die leer van vrede," sê Boneert koud. „Maar wanneer dit met geweld teëgegaan word, moet dit met geweld beveg word."

„Maar hulle het nog geen geweld gepleeg nie."

„Onthou jy nie vir Hirosjima en Nagasaki nie?" Boneert het opgestaan. Hy kom tot voor Dimitri Mantolo waar hy op die rand van sy klein bed sit. „Nou gaan daar in hierdie land ook 'n kernkragsentrale opgerig word. Nog meer atoombomme! Moord! Moord! Moord! En jy praat van die lewe van een enkele man. Daardie planne moet gekeer word en ons maak 'n begin deur die Minister van Atoomkrag te verwyder."

„Maar luister, Marot." Dimitri het ook orentgekom. „Julle wil hê dat ek hom moet skiet. Al wat julle daardeur sal bereik is dat die fabriek nie op die soutpan in Namakwaland nie, maar wel tussen die berge noord van Oudtshoorn opgerig word. Dit sal tog . . ."

„Dit is juis wat ons wil hê," val Ian Briansk hom weer in die rede en nog behou hy sy kalmte. „Daar tussen die berge is ons in die geleentheid gestel om ons

apparate te versteek sodat die sentrale verwoes kan word wanneer dit nodig is. Ook is ons daar maar 'n paar myl van die see af vanwaar opnames nou reeds gemaak word. Projektiele wat uit die see afgevuur word, sal maklik na die terrein gestuur kan word. Dit is absoluut noodsaaklik dat die planne vir die sentrale nie deurgaan soos die huidige Minister van Atoomkrag voorgestel het nie. Sy opvolger, die enigste ander man in die Volksraad wat iets van atoomenergie weet, is ten gunste van die terrein digby Oudtshoorn. Die Minister moet dus afgemaak word. Sodoende sal ons ons doel verwesenlik."

'n Ruk lank antwoord Dimitri Mantolo nie. Hy stap na die klein venstertjie en kyk uit oor die nou straat in die digbeboude deel van Tuine. Agter hom hou Briansk en Boneert hom dop. Marot tel sy linkerhand op. Hy vou sy vingers saam en steek sy duim effens vooruit en draai sy gewrig. Briansk skud sy kop.

„Luister, Dimitri," begin die groot man stadig, maar dan draai Mantolo om.

„Ek kan dit nie doen nie, Ian," sê hy stadig onderwyl hy sy kop van die eenkant na die anderkant toe skud. „Al wou ek ook, sou ek dit nie regkry nie. Ek sal bewe. Ek sal nie kan raakskiet nie. Ek . . ."

„Jy is laf, Dimitri!" roep Briansk gerustellend uit. „Jy sal só naby hom wees dat dit onmoontlik sal wees om mis te skiet."

„En ek sal nie kan wegkom nie. Ek sal nie kan hardloop nie. My bene sal weier om te beweeg. Ek sal op die grond vasgeanker staan."



„Ek het jou reeds gesê dat ek en Marot digby jou sal wees, Dimitri."

„Maar dan kan julle wat so ervare is . . . jul senuwees is so sterk . . . julle kan dit tog self doen."

„As ons ons weg oopgesien het om dit te doen, sou ons nie na jou toe gekom het nie, Dimitri!" sny Marot Boneert se stem skerp oor die vertrek. „Jy moet vir ons sê of jy onwillig is om te help. Dan weet ons . . ."

„Wag, Marot," keer Briansk hom. „Laat ek met Dimitri praat. Jy sien, die rede hoekom ons jou kies, Dimitri, is, soos ek reeds gesê het, omdat jy onbekend is. Sowel Marot as ek speel 'n belangrike rol in ons organisasie. Ons is voltyds daarmee besig. Ons maak ook nie die veronderstelling dat jy moontlik gevang kan word nie. Daarvoor sal ons sorg. Jy mag miskien reeds die afleiding gemaak het dat indien hulle jou vang, dit nog geen skade vir ons voornemens sal wees nie. Word òf Marot òf ek egter betrap, mag dit hulle 'n leidraad gee." Hy glimlag. Sy growwe gesig plooi maar word nietemin sagter. „Ek verseker jou dat ons nie een oomblik aan daardie moontlikheid dink nie. Dis net dat jy vir 'n geruime tyd nie in die publiek rond sal kan beweeg na môremiddag nie. Nòg Marot, nòg ek kan dit bekostig om ons vryheid prys te gee. Daar is te veel wat gedoen moet word. Jy verstaan dit tog. Ons kan nie nou gaan wegkruip nie. Ons sal jou effens vermom. Nadat ons daar uitgekom het, sal jy ongeveer twee maande lank Johannesburg toe moet gaan. Daar is 'n stil plekkie wat ons vir jou uitgesoek het. Daarna kan

jy terugkom, met jou werk voortgaan en jy sal genoeg geld hê om jou moeder en suster hierheen te bring."

Weer draai Dimitri Mantolo na die venster toe. Sy hande, wat langs sy sye hang, bewe opmerklik. Die sweet is nog op sy voorkop. Hy het aan die klank van Marot Boneert se stem gehoor dat hierdie twee manne van ander metodes gebruik kan maak om hom te verplig om hul wense uit te voer. Toe hy in hierdie land aangekom het, was hy nog vol van die ideale waarmee hy grootgeword het. Hy het wel sy naam ingedien en hom beskikbaar gestel vir enige taak ter bevordering van hul doelstelling, maar het nooit gedroom dat hy in die tyd wat hy in hierdie land is, so 'n verandering van sienswyse sou ondergaan nie. Roanne du Beer, die meisie met wie hy in die boekwinkel saamwerk, het baie bygedra om hom 'n nuwe stel waardes te gee.

En wanneer hy aan haar dink is dit asof hy meteens kalmer word. As hy sy moeder en sussie hier kan hê en Roanne miskien eendag na sy kant toe wil kyk, sal daar niks meer in die wêreld wees wat hy sal begeer nie. As hy hierdie ding doen wat hulle van hom wil hê, sal hy miskien daardie droom kan verwesenlik. Skielik en met 'n half rukkerige beweging, draai hy om.

„Ek sal dit doen," sê hy stadig.

„Gaaf!" roep Briansk uit en hy klop Dimitri gemoedelik op die rug. „Ek het geweet jy is verstandig. Ek het ook geweet dat jou hart nog reg is, Dimitri. Ek is trots op jou en ek kan jou verseker dat jou naam vereer sal word."



„Hoe gaan ons môre daar inkom?" vra Dimitri half gevoelloos. „Dit is 'n tuinparty en daar is uitnodigings, nie waar nie?"

„Dit is tog die minste," verseker Briansk hom. „Jy verwag tog nie dat 'n struikelblokkie van dáárdie aard ons sal keer nie? Alles is reeds gereël, Dimitri. Dit is vooraf reeds gereël. Ons vertroue in jou is onwankelbaar."

„Ja, ek verstaan," sê Dimitri Mantolo bedeesd.

Marot en Ian Briansk vertrek. Hulle versoek hom om nie te ver van sy kamer af te gaan nie. Hy moet die volgende oggend soos gewoonlik na die boekwinkel gaan waar hy werk en moet geen aanduiding gee dat hy 'n uitnodiging na die tuinparty het nie. In die namiddag moet hy bloot aan die ander assistent meedeel dat hy nie wel voel nie en dat hy wil huis toe gaan.

Dimitri knik sy kop en antwoord nie. Hy voel soos 'n klein diertjie wat deur 'n venynige slang vasgekeer is. Elke slag as hy Marot Boneert se skerp deurborende oë op hom voel, kyk hy liewer na Ian Briansk. Die man se growwe gesig is oop en dit is asof hy vertroue in sy blik vind. Hulle beduie waar hulle hom die middag sal ontmoet en dan vertrek hulle.

Dimitri stap terug na die klein venstertjie en lank kyk hy uit na buite. Hy worstel met die onstuimige gevoelens in sy gemoed. Ses maande gelede sou hy uitgesien het na hierdie diens. Vanaand deins hy daarvoor terug.

Die duisende flikkerende ligte van die stad strek voor hom uit. Hy kyk na die berg se kant toe waar die

woonstelgeboue van Vredehoek dig op mekaar staan. In een van hulle woon Roanne du Beer—alleen. Dikwels het sy hom al genooi om vir haar te kom kuier, want sy moes bewus geword het van sy skugterheid. Sy is ook die enigste ander persoon in Kaapstad met wie hy al ooit gesels het en hy voel meteens dat hy selfs hierdie groot probleem aan haar sal voorlê. Sy sal vir hom kan leiding gee.

Hy haal sy baadjie uit die hangkas en trek dit aan. Hy kam sy hare en voel of sy wange en ken nog glad is.

Hy sluit die deur agter hom en gaan met die trappe af tot onder in die gang van die losieshuis. Uit die voordeur kyk hy in die straat op en af en dadelik sien hy die man wat aan die oorkant teen 'n tuinmuur leun. Hy verbeel hom dat daar iets bekends in die man se houding is, maar hy steur hom nie daaraan nie. Daar is verskeie ander mense in die straat en Dimitri stap na die bushalte toe.

Skaars twintig tree verder word hy bewus van die haastige voetstappe agter hom. Hy kyk om.

„Naand, Dimitri," groet die man wat hy daar oorkant gesien het, vriendelik. Nou kan hy sy gelaatstrekke uitmaak en sien hy dat dit 'n jongman is wat al dikwels op hul geheime vergaderings ontmoet het.

„Naand," groet hy dadelik terug, maar sy stem is toonloos en hy voel magteloos. „Wat doen jy hier, Benker?"

„Ek wag juis vir jou, Dimitri," antwoord Benker Osche. „Ian Briansk het my versoek om hier rond te bly. Jy is te waardevol, Dimitri. Hy wil nie hê dat jy



lastig geval of gehinder word nie. Dit is sy uitdruklike opdrag dat ek digby jou moet bly. Ons hoef nie so danig in mekaar se direkte geselskap te wees nie, maar jy kan verstaan hoe dringend noodsaaklik dit is dat hulle weet indien enigiets met jou gebeur."

„Ek verstaan, Benker," antwoord Dimitri stadig. „Ek is op pad om sigarette te koop by die kafee. Jy kan saamstap."

Nou weet hy dat daar vir hom geen uitweg is nie. Hy sal nie weer alleengelaat word totdat sy opdrag uitgevoer is nie.

Onderwyl hy in die straat opstap, kyk hy weer na die ligte van Vredehoek. Miskien sal hy môre gedurende die dag geleentheid kry om met haar te gesels. Sy oë dwaal na die rand van Tafelberg wat skerp teen die aandhemel afgeteken staan.

„Dit is 'n mooi aand, Benker," sê hy effens bewoë.

. . . . .

In die kom van die berg, in 'n swierige huis in Oranjezicht, skaars twee myl vanwaar Dimitri Mantolo en Benker Osche in die straat opstap, staan 'n man in 'n donker vertrek voor 'n lang venster en kyk hy ook uit oor die menigte liggies van die stad. Sy oë dwaal oor die reguit lyne van die ligte om die groot hawe en dan verder met die skerp strepe blou lig langs tussen die vlaktes van rooi deur, tot waar dit in die donkerte wegsmelt.

Hy is klein van liggaamsbou. Sy spits gesig strek weg onder die hoë uitbultende voorkop.

Hy draai om toe hy die gegons van 'n klokkie agter hom hoor. Hy sien die klein rooi liggie teen die oorkantste muur.

„Binne!" roep hy hard uit.

Die deur gaan oop en die gestalte van 'n man word in die lig wat van buitekant af skyn, uitgebeeld in die raamwerk van die kosyn. Die klein mannetjie met die koddige magie bokant sy kort bene, stap vinnig nader en met uitgestrekte hand. Want alhoewel die man in die deur se gesig heeltemal onsigbaar is, ken hy hom asof dit sy eie seun is.

„Gerrit!" roep hy ingenome uit. „Kom binne, man, kom binne! Wag." Haastig draai hy om en trek die dik gordyn oor die venster. „Skakel maar die lig aan en maak die deur toe."

Dan is die twee manne bymekaar en skud hulle stewig en hartlik die hand.

„Mag, maar ek is bly om jou te sien!" roep die ouer man weer uit en 'n breë glimlag wat die ander man se hele gesig in beweging bring en die strakheid daaruit verwyder, beantwoord hierdie groet. Want dit is dieselfde woorde wat hom elke keer toegeroep word wanneer hulle mekaar 'n ruk lank nie gesien het nie. „Amerika het jou goed gedoen!"

„Nie so goed soos dit my doen om weer by u te wees nie," antwoord die jongman en alleen die glimlag maak dit moontlik om die uitdrukking in die oë agter die swaar ooglede en onder die dik wenkbroue te sien.



„Staan terug, dat ek jou beter kan aanskou." Die hoof van die Geheime Diens kyk die jongman van ongeveer dertig jaar oud van kop tot tone aan asof hy 'n waardevolle juweel bestudeer. Sy oë versag as hy die effense hoë voorkop besigtig waar die hare reeds agteruit wyk en 'n bykomstige waardigheid aan die ferm gelaatstrekke verleen. Gerrit Fourie se glimlag verdwyn voor hierdie intense blik. Hy vryf sy prominente neus met die een vinger en skuif sy voete ongemaklik.

„As ek nou ingeskryf het vir die een of ander skoonheidskompetisie," sê hy droog, „sou ek hierdie ondersoek kon verstaan."

Die Hoof lag. Hy neem Gerrit aan die arm en lei hom na 'n gemakstoel toe.

„Dit is die enigste manier waarop ek kan verhoed dat jy dalk vir my so deurkyk."

„U het nog glad nie verander nie," sê Gerrit opreg. „Dit is asof ek u gister laas gesien het en nie nege maande gelede nie."

„Ek het jou rapporte uit Amerika gekry," begin die Hoof belangstellend. „Blykbaar het jy daar veel ondervinding opgedoen."

„Dit was baie waardevol. Ek het heelwat bygeleer."

„Natuurlik is daar niks wat hulle jou kan leer nie!" roep die Hoof uit en dan weer versag sy blik. „Jy weet dat jy my beste man is, Gerrit. Ek hoef dit nie vir jou te sê nie. Ek kon 'n paar keer byna nie die impuls onderdruk om jou terug te ontbied nie. 'n Paar keer het ek jou werklik nodig gehad."

„Ernstige sake?"